



## **STAAT VAN BELYDENIS – Vandag se nood?**

Die derde saak wat die Staat van Belydenis (SB) in die visier het, is die verlies aan ewigheidsperspektief in die teologie van die NHKA. Die uitgebreide Staat van Belydenis stel dit as volg: *Die vervlakking van die NHKA se Ekklesiologie (leer aangaande die Kerk) is tipies van 'n verlies aan Eskatologiese (leer oor die eindtyd) visie. Die voete-was ikoon versinnebeeld 'n tonnelvisie van diensbaarheid as agent van sosiale verandering as enigste roeping van die Kerk. Die kerkleiding se vervormde idee van die roeping van die Kerk blyk uit die ondersteuning wat gegee word aan die verandering na missionale gemeentes (vgl Inligtingsvergadering 2012). Aanklank by die gedagtes van die "emerging church" gee blyke van 'n verskraalde teologie wat gryp na bemerkingstruiks om die Kerk te laat "oorleef en relevant wees"*

*Ons verklaar daarom dat ons in 'n staat van belydenis is en dat die AKV 'n teologiese rigting inslaan waar die heil van die mensdom gesoek word in die huidige bestel, en wel by wyse van sogenaamde "sosiale geregtigheid". Ons distansieer ons van hierdie denke en bely sóós die kerk en sáám met die kerk met die betekenis wat die kerk daaraan heg wat sy geloof uitgedruk het in die drie Formuliere van Eenheid. Ons roep die NHKA daartoe op om weer die vergesigte van 'n wederkoms en die volle rykdom van God se verlossende genade raak te sien.*

Dit is op hierdie stadium dalk raadsaam om die woorde aan die einde van die SB aan te haal. Al sewe punte van die SB moet teen die agtergrond van hierdie woorde verstaan word. Daar is lidmate en ampsdraers wat nie saam met die hoofstroom dink nie en hulle moet eintlik die SB onderteken; eerder as om aanstoot te neem teen die SB.

*Hierdie is 'n staat van belydenis wat deur elke individu oorweeg moet word en self oor besluit*

*moet word. Hiermee word nie met die ketterkwas 'n streep deur die Kerk getrek nie. Hierdie belydenis is 'n wekroep tot besinning. Dit is 'n belydenis van geloof waarop u self moet antwoord.*

Die kerk se denke oor bestaansreg en bestaanswyse word verwoord in die Ekklesiologie. Daar is diegene wat 'n uitgebreide kerkleer voorstaan en daar is diegene wat stel Jesus het nooit 'n kerk gestig nie. Na hulle gedagte het Jesus barmhartigheid kom vestig en 'n nuwe koninkryk van omgee begin. Die apostels het die oorspronklike Jesus-idees dan kwansuis vervorm tot geordende en gestruktureerde kerk. Dit is wel so dat Jesus nie 'n kerk kom stig het nie. En tog is kerk onlosmaaklik verbind aan Jesus se koms, optrede en boodskap. Die kerk is gebou op Christus se soenoffer, gegrondves op God se genade. Daar is geen stigter in menslike terme nie. Die oorsprong van die kerk vind ons terug in die Pinkster gebeurde. By die uitstorting van die Heilige Gees begin die gelowiges om die Woord te verkondig. Pinkster is natuurlik die logiese uitvloeisel van die kruisgebeure en die opstanding. Selfs Karl Barth is daarvan oortuig dat die kerk nie die gevolg was van menslike insigte of pogings nie. Christus se openbaring en die opdrag om te verkondig (soos onder andere verwoord in Matteus 28), roep die kerk in aansyn. Natuurlik is die kerk ook voortsetting van tempel en sinagoge, maar tegelykertyd radikaal anders en baie meer nog as hierdie twee bymekaarkomplekke van die volk van God.

Edmund Schlink verwoord iets soortgelyks; Die kerk is God se volk wat uit die wêreld geroep is, die kerk is God se volk wat na die wêreld gestuur is om die Evangelie te verkondig, Hierdie dubbele beweging is in Christus gegrandves en deur die Heilige Gees bewerkstellig. Die kerk is deel van die die nuwe skepping wat deur Christus se oorwinning oor die dood vermag is, die kerk is die uitgeroepde en gestuurde groep wat op grond van die opstanding in hierdie wêreld die Woord verkondig en die nuwe skepping se voleinding tegemoet gaan.

Om dit anders te stel, die kerk is geroep om deur Woord en Sakrament mense te werf vir God se koninkryk totdat die Wederkoms plaasvind. Die kerk bestaan tussen koms en wederkoms en het as taak die verkondiging van die Evangelie. Dit beteken dat die kerk se duidelike begin 'n gewaarborgde einde het en deur hierdie einde geroep word om aan almal God se genade in Christus se lewe, sterwe en opstanding te verkondig. Hierdie uiteinde kom vir ons na vore in die eskatologiese perspektief. Die Eskatologie is die leer aangaande die dinge van die eindtyd. In die geloofsbelydenis is twee eindtyd-sake ter sprake naamlik; die wederopstanding van die vlees en die lewe van die toekomstige eeu. Beide dié toekomstige werklikhede staan onder die teken van kruis en opstanding, maar veral die hemelvaart. Die hemelvaart het die belofte van wederkoms en einde aan ellende opgesluit in die gebeurtenis self. Jesus het gaan "plek voorberei" en kom weer en by Sy wederkoms sal alle gelowiges - en daarom ook ons - vleeslik opstaan en deel word van die

toekomstige eeu. Daar word van verskillende beelde gebruik gemaak om hierdie nuwe begin bekend te stel. Jesus praat onder andere van die skoot van Abraham en die feesmaal, Openbaring verwys na die nuwe Jerusalem.

Die eskatologiese perspektief breek oor deur na ons hede toe. Ons word geroep om reeds hier die nuwe lewe in Christus te leef. Barmhartigheid en liefde moet ons lewens kenmerk. Hierdie barmhartigheid is met ander woorde die gevolg van verskeie faktore wat saamwerk. God se vergifnis word ons opdrag aan ander, die nuwe lewe in Christus beteken dat ons ook ons lewens na hierdie nuwe bestemming kan rig, soos ons lees in Efesiërs 2:10 "*Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel.*"

Dit is hierdie goeie werke wat vir Christene tot taak gesien word. 'n Verlies aan ware verstaan van kerkwees en 'n verlies aan eskatologiese perspektief kan nie noodwendig uit die lewe van enige kerk of gelowige raakgesien word nie. Daar is kerke en mense wat oorloop van filantropie, mense wie se teenwoordigheid - by wyse van spreke - raak aan engele teenwoordigheid. Die hartseer is dat dit is waar hulle geloof begin en eindig. Geen verkondiging van die Woord nie, geen ewige toekoms hoop nie, net die dwingende gefladder om hier op aarde alles in orde te kry. Dit is die probleem. Uit alles wat vooraf geskryf is, moet dit duidelik wees dat 'n kerk Christus met woord en sakrament moet verkondig. Die kerk moet onthou dat die opdrag tot verkondiging sentraal staan, dat dit 'n

tyd-beperkte opdrag is. Daar is 'n duidelike einde aan alle menslike pogings en dan sal God alles herstel na die perfekte in die toekomstige tydperk. Die kerk kan en moet barmhartigheid as **byproduk** betoon.

Dit is juis diegene wat die volle betekenis van Jesus se versoeningsdood vergeet het, wat op die markplein van barmhartigheid kompeteer met die rooikruis, die rooi sekelmaan en die vele ander groeperings wat hulself besig hou met barmhartigheid en "caring". Dit is hierdie verskraalde begrip van kerkwees en verlies aan eskatologiese perspektief wat kan maak dat 'n Algemene Kerkvergadering apartheid tot sonde verklaar en dan nog die durf het om dit 'n Bybels-teologiese uitspraak te noem.

Die klaarblyklike verlies aan toekomsvisie by vele teoloë in die NHKA kan maklik illustreer word aan die hand van een van die leiding-gewende teoloë se denke. AG van Aarde skryf in die Hervormer dat hy gemaklik sou wees daarmee indien die Apostoliese geloofsbelydenis eindig na die bely van Jesus se opstanding (of dit nou in die harte van Sy dissipels was, of in die kerugma, of wat dit ookal mag beteken). Hy stel by wyse van vraag of die "opgevaar na die hemel" werklik nodig is in die belydenis.

Die nie-meer-so-nuwe kenteken van die NHKA naamlik die voete-was embleem is ook tekenend van hierdie verlies aan eskatologiese perspektief. By die vergadering waar besluit is om hierdie embleem aan te neem, was een van die versoeke dat die twee persone wat uitgebeeld word, so ver moontlik, geslagloos moet voorkom. Die toeskouer moet kan kies om die voetewasser

manlik of vroulik te interpreteer. Dieselfde geld die een wie se voete gewas word. Op die manier kan die Kerk seker maak dat daar nie op grond van geslag gediskrimineer word nie. Manne en vroue was voete en se voete word gewas. Daar is verskillende redes waarom dit problematies is. Om te praat van "in Christus se voetspore", maar die een wat voetewas androgien uit te beeld, beteken dat Christus al op hierdie eenvoudige vlak verloën word. Christus het gekom om mense met God te versoen, dit is Hy en Sy boodskap wat in die middelpunt moet staan. Kerkwees het nie diensbaarheid as **doel** nie, diensbaarheid is die **gevolg** van Christus se boodskap verstaan. Christus se voetspore lei na die kruis, nie na agterstrate en hospitale nie. Ons kan nie in Sy voetspore loop nie, aan die kruis het Hy reeds vir ons sondes betaal. Ons reis **begin** by die kruis, loop **verby** die leë graf en hemelvaart, **op pad** na die ewige lewe. Op hierdie reis moet ons Christus aan almal verkondig en barmhartigheid bewys waar dit nodig is.

Die Staat van Belydenis was meer as nodig om die NHKA se teologiese denke uit die beswyming van filantropie te roep. Die **evangelie van deernis** is net op **hierdie lewe gerig** en sien nie die belangrikste van die Evangelie raak nie. Die Evangelie is inderdaad in gevaar. Hierdie voetewassery in sy huidige hermafroditiese, polities-korrekte gewaad maak die verkondiging van koms en wederkoms onmoontlik.